# DIRK, MY VRIEND

As 'n mens met 'n ander lank saamgeleef en saamgewerk het, dan voel jy darem dat daar iewers 'n moment kom wanneer jy uiting wil en moet gee aan 'n gevoel van persoonlike waardering.

Ek het Dirk van Rooy vir die eerste maal ontmoet op 'n trein wat net uit Bloemfonteinstasie suidwaarts vertrek het. Dit was iewers in Desember 1912 toe hy net vir die Intermediate Examination aan die ou Grey-Universiteitskollege geskryf het, en ek net klaar geskryf het vir die baccalaureusgraad as student aan die Teologiese Skool, Potchefstroom.

Dit was vir ons twee 'n merkwaardige ontmoeting, want daar het begin 'n lewenslange vriendskap en samewerking. Ons het mekaar se goeie maar ook swak hoedanighede leer ken, sodat ons teen al die storms van die lewe sonder een ernstige persoonlike botsing tot vandag toe die hegtheid van die vriendskap kon bewaar en geniet. Ons het soms baie verskil maar dit was nooit verskille oor beginselsake nie. En die verskil het dan ook nooit tot 'n persoonlike vorm gegroei nie. Agter al die klein verskille, selfs persoonlikheidsverskille, het altyd gestaan die diepere eenheid—eenheid van geloof, van lewens- en wêreldbeskouing, van roepingsbewustheid. Die laaste was so sterk dat ons nooit gevoel het dat die een in die pad van die ander gestaan het of staan nie.

Die jong student aan die G.U.K. het teen die end van 1911 in 'n openbare wedstryd een van die twee Robertson-studiebeurse in die O.V.S. verwerf—'n bewys van buitengewone intelligensie en inspanning.

In Februarie 1913 het ek my opleiding as onderwyser vir die Unie O.1. ook aan die G.U.K. begin. Dirk en ek het aangrensende kamers in die kollegekoshuis betrek, en weldra het ons die een in 'n studeer- en die ander in 'n slaapvertrek verander. Dit het vir my kans gegee om vroeg en vir hom om laat te gaan slaap! Ons het saamgestudeer—hy vir die B.-graad met Wiskunde, Toegepaste Wiskunde en Fisika as hoofvakke. Ons het saam studentepret en -sport geniet; ons het saam aan die huis van ds. en mev. W. J. Postma vir nooientjies gaan kuier. Ons het so saamgegroei as twee onafskeibares. Al is hy drie volle jare jonger as ek, was hy geestelik en liggaamlik my maat, so nie my meerdere nie. Liggaamlik was hy die ewebeeld van die Bybelse Dawid: rooierig, met mooi (skerp blou) oë en 'n mooi (fors) voorkomste; geestelik tel hy oor die vyf persent daarbo: verstand en insig bewonderenswaardig.

In Junie 1914 het ek die O.1.-eksamens afgelê en verhuis na Steynsburg; in Desember het hy die B.-graad afgelê en vertrek na Potchefstroom—albei as onderwysers aan Gereformeerde Gimnasia. In Julie 1917 het hy van daar na Pretoria gegaan vir die aflegging van die Unie O.1. en ek het sy plek in Potchefstroom gekry. Terwyl ek in Steynsburg op twee na alle Matriekvakke moes doseer, kon ek nou net Wiskunde en Natuurwetenskap van hom oorneem. In Julie 1918 het hy weer teruggekeer en het hy en ek saam die twee vakke—en wel alternerend—onderrig van std. 7 tot Matriek. Van 1914 tot 1917 het ons vriendskap sy voeding ontvang deur oor-en-weer-kuiery by ons ouerhuise—ek veral by hom ter wille van sy niggie wat by hulle ingewoon het!

Toe die P.U.K. vir K.H.O. in 1919 tot stand gekom het, het hy en ek op versoek van die Raad opgetree as locum tenentes vir prof. A. P. C. Duvenage wat toe met 'n jaar studieverlof na Kaapstad was. Ons het saam met ons skoolwerk die gevorderde Wiskunde, Toegepaste Wiskunde en Fisika behartig—hy die meer gevorderde. Ons studierigtings het toe al begin skei—hy in die Wiskunde en ek in die Opvoedkunde.

In 1921 is ek oorgeplaas na die Normaalkollege alhier en het ek ook sinds 1920 opgetree as deeltydse lektor vir die opleiding van onderwysers aan die P.U.K. In 1923 is hy na die onverwagte heengaan van prof. Duvenage benoem as senior lektor in Wiskunde en Toegepaste Wiskunde aan die P.U.K. In Februarie 1925 het ek 'n vaste betrekking as professor in die Opvoedkunde aanvaar, terwyl hy in 1927 ook professor geword het.

En van toe af het ons eers vas getrek aan die wa van die P.U.K.—as professore, as dekane, as raadslede, as komiteelede op menige komitees van Raad en Senaat.

Behalwe ons innige samewerking as professore, het ons sinds 1921 ook dag vir dag saamgewerk as skrywers van leerboeke vir die middelbare skool: in 1922 'n boek oor Rekenkunde en in 1926 twee boeke oor Algebra en Driehoeksmeting.

In al die jare het die bande van vriendskap nooit verslap of verflou nie. In tye van vreugde en voorspoed maar ook in tye van droefheid en teenspoed het en kon ons mekaar bystaan—hy veral vir my.

Dit is nie net ek wat sy vriendskap leer ken en waardeer het nie. Menige lid van ons personeel en baie ander mense het ondervind dat Dirk van Rooy as vriend rotsvas by 'n mens staan, en dat dit veral in tye van nood 'n voorreg was om hom te ken. By siekte en dood ken hy geen perke in sy opoffering nie.

In ons akademiese bedrywighede het hy hom van die begin af tot vandag toe betoon as 'n uitnemende raadgewer vir ons almal en as 'n onkeerbare en ontembare yweraar vir ons saak. Op vergaderings van komitees, Fakulteite, Senaat en Raad word na hom geluister. Hy is nie 'n man van baie woorde nie. Hy laat hom nie van stryk bring nie—selfs nie deur die langste en oortuigendste logiese argumentasie van sy vriend nie! As hy vir 'n saak is, dan sê hy dit kort, kragtig en afdoende. Hy doen dit nog sterker as hy teen 'n saak is! Dan is hy, indien moontlik en denkbaar, nog korter en kragtiger en afdoender! Hy kies vinnig kant en hou, soms onverbiddelik, voet by stuk—nie dat hy altyd reg is nie! Selfs hy kan hom mos vergis. En dan maak hy soms die indruk van hardkoppig en eiesinnig te wees. Maar . . . . . daar is twee oorweginge: hy is altyd diep oortuig, en as hy later tot 'n ander insig kom, is hy die eerste om dit uit te spreek! Sy kortheid in beredenering gee soms die indruk van skerpheid en ongenaakbaarheid. En tog is dit alles net uitwendig: diep in sy gemoed is hy gevoelsmens!

In ons maatskaplike en volkslewe neem hy 'n sterk en leidende aandeel Dit geld ook vir sy kerklike lewe.

Vir sy kerk spaar hy nooit sy kragte en besitting nie—as lid van die kerkraad of as lid van menige Sinodale Deputaatskap.

In ons volkslewe het hy bekendheid verwerf veral as leier van jeugorganisasies. Ek wys veral op sy beslissende aandeel in die vorming en ontwikkeling van die Voortrekkerbeweging. Ek moet ook wys op sy liefde vir die jeug daarin dat hy uit roepingsbewustheid huisvader van ons Koshuise

geword het. Maar in krisistye neem hy ook 'n oorheersende maar kalmerende aandeel in volksorganisasies. Ek wys hier veral op sy invloed in die opkoms en ontwikkeling en ontbinding van die Ossewabrandwag. Op hierdie beweging het hy 'n blywende invloed gehad: as leier, as vurige spreker. Sy jongste bedrywigheid—soos eintlik dwarsdeur sy lewe—openbaar hom as stoere, onwrikbare Calvinis. Toe Calvinistiese organisasies begin struikel het, het hy die jongste, die Afrikaanse Calvinistiese Beweging, gaan dien as voorsitter, en daardeur ook die lewe daarvan verseker. Ook die organisasie wentel om die groot liefde van sy lewe: Christelik-nasionale onderwys.

Dirk is 'n fyn wiskundige en 'n skerpsinnige syferaar. 'n Mens sou verwag dat hy ook in die aantal pennies, sjielings en ponde van die lewe belang sou stel! Hy het inderdaad verbasend goeie insig in finansiële sake. Hy het self sy koeitjies op die droë, soos ons voorouers dit sou sê. Hy steun graag—en dit baie vrygewig—goeie finansiële ondernemings. Maar hy wou nooit enige leidende aandeel daaraan hê nie. Daarvoor is hy in die goeie sin van die woord te veel 'n idealis en glad geen materialis nie.

CHRIS.